

Direkteur Sinode

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton

Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

AAN: Leraars, kerkkantore en kerkrade

15 Januarie 2021

Liewe vriende,

VLAK 3 (2021, HERSIEN) VAN INPERKING EN IMPLIKASIES VIR GEMEENTES

Eerstens, seënwense vir 2021 hier uit die sinodale kantoor. Die jaar begin onder die donker wolk van Covid-19, maar ons weet die Here dra ons in hierdie moeilike tyd. Die Here Jesus en die Heilige Gees staan ons in ons swakheid by en tree vir ons in by die Vader, onder wie se genadige hand ons leef.

Die president het op 28 Desember 2020 en weer op 11 Januarie 2021 aankondigings oor inperking gedoen. Dit is wyd in die media reflekteer. Hieroor die volgende opmerkings:

1. SENTRALE FOKUS

Soos altyd maak al die regulasies nie vir almal sin nie, en is die effek daarvan ekonomiese nadelig, spesifiek ook vir baie lidmate. Dit raak daarom gemeentes se volhoubaarheid direk. Ons dink veral aan toerisme in die Oos-Kaapse kusgebiede en beperkings op die verhandeling van goedere.

Tog is ons sentrale fokus die bekamping van die verspreiding van die Koronavirus. Covid-19 het reeds meer as 35 000 lewens geëis, terwyl die hoër-as-gemiddelde sterftesyfer in Suid-Afrika reeds meer as 70 000 beloop. Elkeen van hierdie syfers verteenwoordig menselewens en geliefdes wat van ons weggeneem is.

Ons doel is dus nie om te kyk hoe ons die regulasies kan vermy nie, maar hoe ons verantwoordelik kan optree om verdere siekte en verlies te beperk. Lewens is kosbaar.

Verder lyk dit of die tweede vlag deels gedryf word deur verspreiding aan huis, in familiekringe en by die sosiale byeenkomste van goeie vriende. Benewens begrafnisse (Ramaphosa noem dit "death traps") en ander groot byeenkomste is daar hoeveel verhale van families wat bymekaar was, en dan steek die nefies en niggies uit Hankey die virus aan by die kêrel uit Oos-Londen toe almal Kersdag op Boknes bymekaar was ('n fiktiewe voorbeeld).

'n Werklike voorbeeld: 'n Bejaarde dame skryf gister vir my: "Ons was 10 saam om die Kerstafel, waarna 5 'n paar dae later simptome getoon en positief getoets het. My swaer het vir twee weke in intensief geëindig, maar van vandag af gaan dit genadiglik beter. Ek is genadiglik negatief."

2. REGULASIES

Die staatskoerant waarin die toepaslike regulasies vervat is, Nr 44066 van 11 Januarie 2021 is op ons webblad beskikbaar – [klik hier](#). Die Vlak 3-regulasies soos gewysig op 29 Desember 2020 en daarna weer op 11 Januarie 2021 is ook handig opgesom op die SA Coronavirus-webblad, en is by [hierdie skakel](#) te vind.

Feitlik die hele Oos-Kaap is nog as "hotspot" geklassifiseer – [klik hier](#) vir die lys.

Die regulasies is wetgewing en die oortreding daarvan besorg mens 'n kriminele rekord. Die doel van die volgende uiteensetting is daarom om gemeentes te help om die regulasies toe te pas.

Van belang vir gemeentes is die volgende lysie verbode items:

- Om sonder 'n masker in die openbaar te verskyn, of in 'n gebou te wees waar lede van die publiek goedere en dienste verkry
- Minder as 1.5m by 'n begrafnis van iemand anders te wees, en meer as 50% van die gevolglike kapasiteit van die gebou te gebruik, tot 'n maksimum van 50 persone – maskers moet deurlopend gedra word, moenie teedrink na die tyd nie
- Om by 'n sosiale of geloofsgebaseerde byeenkoms te wees (uitgesonderd begrafnisse)
- Om besoek by 'n tuiste vir bejaardes af te lê.

Wat toegelaat word, is "gatherings at a workplace for work purposes", onderhewig aan die protokol. 'n Gemeente sou dus 'n bona fide personeelvergadering, kommissievergaderings of kerkradsvergadering kon hou. Die beperking van die getal persone word deur sosiale afstand bepaal.

3. PERMIT: NOOD-BEDIENING TYDENS DIE AANDKLOKREËL

Die regulasies maak voorsiening vir die uitvoer van 'n noodsaaklike taak tussen 21:00 en 05:00. Om noodsaaklike pastorale funksies te magtig, kan die voorsitter van die kerk die leraar van 'n permit voorsien. Die permit kan van ons webblad afgelaai word – [klik hier](#).

4. BEVESTIGING VAN HUWELIKE

Aangesien geloofsgebaseerde byeenkomste verbod is, kan die gebruikelike huweliksbevestiging as geloofsgebaseerde byeenkoms nie voortgaan nie.

Intussen het die minister van Binnelandse Sake, Aaron Motsoaledi, aangekondig dat die sluit van huwelike, asook die registrasie van huwelike twee van die dienste is wat die Departement tydelik opskort. Minister Motsoaledi het wel aangedui dat die sluit van 'n huwelik deur 'n privaat bevestiger (soos 'n predikant) wel kan voortgaan, maar dan slegs in die teenwoordigheid van die egpaar, die huweliksbevestiger en die twee getuies. (Verreweg die meeste huwelik in Suid-Afrika word onder leiding van predikante gesluit.)

Gedurende die vorige Vlak 3 het die minister hom [soos berig](#) oor huweliksluiting uitgelaat. Hier is die minister se woorde op 29 Mei 2020:

Because the majority of marriage officers are ministers of religion, we have also said the same thing – if a minister of religion is going to marry couples in their office, the couple must come with only two witnesses. We don't allow crowds there.

Ons aanbeveling is dat huweliksbevestigers wel voortgaan om die sluit van huwelike te hanteer wanneer 'n paartjie dit versoek, behoudens die reël van slegs vyf persone. Die dokumente word steeds voltooi, maar die huwelik word geregistreer wanneer die Departement hierdie diens weer beskikbaar stel. 'n Huweliksbevestiging moet die rede vir so 'n "laat" registrasie aandui, wat in hierdie geval vanselfsprekend is.

Die aankondiging van die opskorting van dienste is [hier beskikbaar](#), met 'n verhelderende [berig](#) deur Netwerk24.

5. BEMAGTIGING VAN LIDMATE

5.1 Immunisasie

Die gemeente het 'n belangrike leidinggewende funksie in lidmate se lewens. Daar is soveel fopnuus oor immunisasie wat weerlê moet word. Daar is verskillende groepe: persone wat oningelig is, waningelig is, ontkenning is en dan ook aktiewe verzet teen immunisasie toon en fopnuus daarvoor versprei. Baie mense is om godsdienstige redes teen immunisasie (die Antichris, die getal 666 en verandering van jou DNA is besware).

Korrekte inligting is belangrik. Hier is 'n paar bronne:

- 'n Gesprek met prof Stephan Joubert oor [Vaksiene, 666 en Openbaring](#)
- [Kan Christene inenting neem](#) – 'n Gesprek tussen dr Ena Bromley (genetikus met wêreldwye erkenning en toegewyde kerklidmaat) en prof Stephan Joubert
- [Coronavirus and vaccine-booklet](#)
- 'n Inset oor inenting deur dr Izak Burger (en waarom mens nie maar net kan sê die bloed van Jesus beskerm jou teen Covid-19 nie) – [video](#) of [teks](#).

5.2 Moedig die gebruik van die "COVID Alert South Africa"-app aan

Discovery Health het (in vennootskap met Google en Apple) 'n app ontwikkel wat selfone se bluetooth-tegnologie gebruik. Baie lande reg oor die wêreld gebruik soortgelyke apps. Google en Apple vereis dat dit as 'n nasionale app bekendgestel word.

Selfone het die vermoë om deur bluetooth oor kort afstande met mekaar "blad te skud". Die selfoon hou dan 'n rekord van elke digitale groet. Die COVID-app skakel hierdie vermoë aan.

Wanneer iemand – wat die app het – dan op die app aandui dat hy/sy positief getoets het, ontvang elke ander app-gebruiker waarvan die selfoon 'n digitale rekord van daardie bladskud het 'n kennisgewing dat jy naby aan 'n positief-getoetste persoon op 'n spesifieke datum was.

Daar het die vreeslikste misverstande oor hierdie app ontstaan. Dit is nie die regering wat dit ontwikkel het nie, en die app hou nie rekord van jou bewegings of waar jy gaan nie. Verder is mense heeltemal onkundig oor die rekord wat sosiale media in elk geval van jou hou.

Die verantwoordelike weg is om die COVID-app te gebruik en so naspeuring en jou eie verantwoordelikheid na te kom om nie 'n superverspreider te word nie.

Persone wat so 'n nabye kontak gehad het, weet dan om byeenkomste van die gemeente eers te vermy.

6. TERUGVOER

Ek sal dit geweldig waardeer as julle jul wenke met my deel.

Dit is uitdagende tye. Kom ons behou geloof en kom ons fokus op die nood rondom ons.

Sterkte met julle belangrike werk.

Vrede,

Danie Mouton
Direkteur Sinode